

Kix-pirasie

Benodigdhede: *(Jy kan self besluit of jy vir elke groepleier 'n botteltjie wil laat maak en of julle net 1 gesamentlik maak waarna julle deur die jaar kan verwys.)*

- ◆ Plastiekbotteltjie
- ◆ Rou rys
- ◆ 'n Stukkie karton waarop voor en agter "JESUS" staan
- ◆ Klein knopies, blink kraletjies, enige klein plastiekdiertjies of items wat by die bottel se opening sal ingaan

Pak alles op 'n skinkbord uit.

Verwelkom almal. Gee kans vir nuwe groepleiers wat aangesluit het by julle groep om hulself bekend te stel en vir die 'ou' leiers om mekaar weer te groet.

Gee aan die groep kans om gemaklik te sit met hul voete op die grond en hul hande in hul skoot. Haal diep asem.

Lees Lukas 2:41-52 twee keer rustig deur.

Gee kans dat die groeplede kan deel wat hulle hoor, wat vir hulle uitstaan of watter vrae by hulle ontstaan. Wanneer die gesprek versadig is, kan jy die skinkbord uithaal.

Ons lees in die Woord van Jesus as Kind wat vir 3 dae in die sinagoge gaan sit het, vrae gevra het en geluister het. Wie wil dan nou nie so 'n kind in jou groeple hê nie? Ons lees ook van sy ouers se angs en hul soeke. *(Begin die rys in die botteltjie gooi, met die kaartjie, kraletjies en blinkers tussen in. Wanneer die bottel naby aan vol is, maak die prop styf toe en skud die bottel.)*

Ons gaan deur hierdie jaar verskillende kinders in ons groeple ontmoet. Van hulle wil graag aan die voete van 'n leermeester kom sit, ander vlug weg van hulle omstandighede. Almal soek na Jesus. En dit is die uitdaging wat ons het vir die jaar. Saam kan ons elke geleentheid gebruik om die Woord te lees, te leer, besig te wees om iets te skep: met die doel om Jesus raak te sien, en toe te laat dat Hy ons verander.

Gee nou die bottel in die ry af en gee vir elkeen kans om die bottel te skud en die kaartjie waarop Jesus staan, te soek.

Sluit af met gebed.

